Huishoudelike Bestuurder

ASD Sean Kelly CYCC

ASD Sean Kelly CYCC is ‘n geregistreerde kinder- en jeugsorg sentrum verantwoordelik vir die veiligheid en versorging van 15 fisies- en intellektueel gestremde kinders.

Aansoeke van gemotiveerde en dinamiese persone met ‘n positiewe lewensingesteldheid teenoor kinders en gestremdes, word vir die volgende betrekking ingewag:

Huishoudelike Bestuurder

Die suksesvolle kandidaat moet oor ’n wettige bestuurslisensie en eie vervoer beskik. Die verantwoordelikhede sluit in die algehele bestuur van ’n huis waar tot 15 meervoudig-gestremde kinders permanent inwoon en sluit ook die bestuur van personeel sowel as die verrigting van algemene administratiewe take in.

Vereistes:
- Ervaring van die versorging van persone met spesiale behoeftes
- Ervaring van personeelbestuur
- Rekenaarvaardig
- Bestuurslisensie
- Eie vervoer wenslik
- Goeie mense-verhoudinge
- Samewerking in spanverband
- Neem inisiatief
- Bereid om fleksie-tyd te werk
- Reël en vergesel kinders na hospitaal/kliniek besoeke
- Bewys van Covid-19 inenting
- Nie-roker
- Lojaal
- Eerlik
- Aanpasbaar by veranderende omstandighede

Administrasie:
- Skofroosters
- Registers
- Voorraadbeheer
- Korrespondensie
- Veiligheid
- Monitering van kameras
- Rekordhouding van skenkings
- Bedankings aan donateurs

Bestuur:
- Personeel
- Wasgoed
- Skoonmaakdienste
- Kinders: algemene welstand en gesondheid insluitend persoonlike behoeftes, klere, toiletware ens.
- Bestuur van begroting

Werksure – 8 ure per dag (etenstyd uitgesluit)
Besoldiging – R7 000/maand
Stuur ’n volledige CV met verwysings na: recruit@asd.org.za
Sluitingsdatum – 10 Oktober 2022
Indien u geen terugvoer binne 14 dae na aansoek ontvang nie, beskou dan u aansoek as onsuksesvol.